



## ST. THEODORA VAN ALEXANDRIË

11 SEPTEMBER

(5de Eeu)

Daar is min bekend oor die lewe van hierdie woestynmoeder en kluisenares. Baie van haar gesegdes is egter opgeteken. Sy het in die Egiptiese woestyn geleef waar baie mense haar om raad en gebed kom vra het. Sy het altyd gesê dat nederigheid en self-afsterwing die enigste gewaarborgde tegnieke was om die sonde en versoekinge teen te staan. Volgens oorlewering het sy as jong getroude vrou owerspel gepleeg. Toe die omvang en erns van haar sonde tot haar deurdring, het sy alles gelos en haar as boeteling in die woestyn teruggetrek.